# REISVERSLAG


## 'N BESOEK AAN TUSSEN-DIE-RIVIERE WILD RESERVAAT, DIE BERGKWAGGA NP, ADDO OLIFANT NP, BAVIAANSKLOOF (T1 EN T2 ROETES) EN DIE PRAGTIGE SUID-KAAPSE SEWE PASSE ROETE (April 2014)

## DEEL 3 VAN 3









**PERIODE :** 25 April tot 10 Mei 2014

**PLEKKE BESOEK :**
Tussen-die-Riviere Wild Reservaat, Bergkwagga NP, Addo Olifant NP (insluitende die Sentrale seksie, Colchester seksie, Woody Cape seksie, Zuurberg Seksie, Kabouga seksie, Darlington seksie en die Bedrogfonteinspoort 4x4 roete), Baviaanskloof (die algemene T1 roete asook die minder algemene T2 roete), Timbila Wild Reservaat, Oesterbaai, Knysna, Buffelsbaai, Tsitsikamma NP (Stormsriviermond), die ou Sewe Passe Roete tussen Knysna en George, die Transport Museum in George, die Prins Alfred Pas en die Gariepdam.

**OPGESTEL DEUR:** J.E. Aspinall
(16-08-2014)

*Kopiereg op die inhoud en fotos word voorbehou.*

**Dag 11, Maandag 5 Mei 2014, Timbila Wild Reservaat na Oesterbaai** via Steytlerville, Antoniesbergpas (die T2 roete van Baviaanskloof), Patensie, Jefferiesbaai en Cape St Francis . (Afstand: 284 km)




Ons vertrek die Maandagoggend vroeg na Steytlerville met die gedagte om ontbyt by die Karoo Teater Hotel te nuttig, net om te verneem dat hul nie oop was vir besoekers nie. Ek sou baie graag die dekor van die hotel wou besigtig. Nogal iets om te sien op so 'n verlate plattelandse dorpie.






Nog twee toeriste attraksies in en om Steytlerville is die familie wapens van al die inwoners in Steytlerville wat in die hoofstaat te sien is en die twee landsvlae (oud en nuut) wat net buite die dorp op 'n rots teen een van die koppies geverf is.

Ek moet ook sê die dorpie was silverskoon.







'n Gedenkteken vir die soldate wat in die Eerste Wêreldoorlog gesneuwel het.

Steytlerville se Royal Hotel





Besoek gerus Karoo Theatrical Hotel se webblad by [http://www.karroohotel.co.za/](http://www.karroohotel.co.za/)



Ons neem die Baviaanskloof T2 roete na Patensie oor die Antoniesbergpas en ry by hierdie ruines van ou kliphuisies verby om net nog mooi dinge te beleef en te sien.







Die alwyne was in volle blom en pragtig.

Die pad oor Antoniesbergpas. (Hierdie pad moet liefs met 'n 4x4 gery word veral die deel wat in die Baviaanskloof bewaringsgebied geleë is. Hier is die pad vir so 8 km maar beroerd, die res is pragtig.)





Selfs hier is daar veldblomme, kaktusse en heide te sien.





Die pad daal hier af tot onder in die rivier wat jy kruis met ‘n stormwaterbruggie en dan klim die pad weer styl verder tot op die plato.





Hier op die plato raak die pad so effens rof . Met dele wat sleg verspoel is , maar ‘n nuwe twee spoor pad is net daar langsaan deur 4x4 ryers gevorm. Hier het ons op een plek effens na die kant gegly en moes ons terugstoot om ‘n nuwe lyn te kan kies om te ry sodanig dat ons nie weer sou gly nie. Die modder vul natuurlik die groewe van die alle terrein bande gou op en maak die bande dan baie glad wat die gly tot gevolg gehad het. ‘n Goeie les vir die toekoms, geleer in ‘n minder gevaarlike situasie.









Hierdie verspoelde paaie kom natuurlik net in die Cockscomb deel van die Baviaanskloof natuur bewarings gebied voor. Die dele van die pad wat deur die boere self onderhou word was pragtig en in 'n baie goeie toestand.


Die uitsig van hier bo is natuurlik weer asemrowend.





En weereens blomme en nogmaals blomme. Hoofsaaklik heide, proteas en speldekussings.











Uitsig oor die vallei onder net voor jy weer by die R332 aansluit en Patensie begin binne ry.

Die reuse windgenerators by die windplaas langs die N2 op pad na Jefferiesbaai. Ek wonder nogal wat sou Don Quijote hiervan gesê het. Ek dink hy sou maar net sy hande saam geslaan het en oorgegee het, want met soveel vyande, almal reuse, is die oormag darem net te veel.





Die lighuis by Cape St Francis.

Nog ‘n windgenerator word opgerig met reuse hyskrane. Die lang wit onderdeel wat hier voor op die grond te siene is, is een van die drie lemme van die windgenerator. Dit gee jou ‘n idee hoe groot hulle is. Hierdie een word naby Oesterbaai opgerig as deel van nog ‘n nuwe windplaas.





Ons eerste blik van Oesterbaai se strandgebied.

Aangesien Oesterbaai se woonwapark reeds vir die seisoen gesluit was, moes ons net oor die straat by Oesterbaai Gastehuis tuisgaan. Gert en Elsabie het al die vorige aand hierdie juweel ontdek en ons het vreeslik lekker by Dirkie Marx gekuier. Aandete het ons self gemaak in die klein kombuisie van Gert en Elsabie se woonstelletjie. Die ontbyt die volgende oggend in die gastehuis se eetkamer was uit die boonste rake. ( http://www.lekkeslaap.co.za/akkommodasie/oyster-bay-b-b )









**Gert en Elsabie se woonstel.**


**Dag 12, Dinsdag 6 Mei 2014, Oesterbaai na Stormsriviermond in dieTsitsikama NP** via Palmietvlei, die N2 en Stormsrivierbrug en dorpie. (Afstand:  97 km)





Oesterbaaistrandgebied.

‘n Interesante stukkie inligting oor hoe om van ‘n sleurstroom te ontsnap het ons hier op die strand ontdek.





Fiskaallaksman

Waterdikkop





Driebandstrandkiewiet



Vaalstrandkiewiet

Swarttobie





‘n Jong dassie soek die sonnejie op vroeg oggend hier naby die strand.



In hierdie dele ook groot melkboere wat natuurlik hierdie pragtige graslande tot gevolg het.

Die ou brug oor die Elandsrivier.







Iets wat ons nog graag wou doen, en aangespoor deur Hermien gaan ry ons die sewe “foefie slides” oor die rivier en pragtige watervalle in die rivier hier by Tsitsikamma Falls Adventures so 9 km voor die Stormsrivierbrug of ook bekend as die Paul Sauerbrug.


Die drie van ons gereed vir vet pret.





Net om te bewys Hermien het dit regtig gedoen en nogal baie geniet. Wys net, ‘n bietjie adrinalien is nie sleg vir ‘n mens nie, dit laat jou sommer jonger voel !












Die kabelspore gaan oor die mooiste watervalle. Die lekker van die stelsel wat hulle hier gebruik is dat jy jou spoed met 'n rem oor die watervalle kan reguleer wat jou meer tyd gee om die natuurskoon te kan inneem en te geniet.














En as jy so ervare soos Gert is kan jy selfs gravitasie oorkom en opdraande ry.
Moet ook nie die natuurskoon om jou vergeet as die adrenalien vloei nie. Drink die mooi om jou in.







Stormsrivier brug en ravyn, uitgekerf deur baie jare se water.




So 4.2 km na die Paul Sauer (Stormsrivier)brug kry jy ‘n afdraai na links na die interessante Stormsrivier dorpie met ‘n paar bekende plekke soos die “ Tsitsikamma Village Inn” (die ingang is hier bo te sien) en “Chrome and Fin City”. Laasgenoemde is ‘n tipiese melkskommel, roomys en wegneem ete salon met baie interesante dekor gebaseer op die roem en lewe van Elvis Presley, Marilyn Monroe en James Dean. Nogal ‘n besoek werd.




LOST


LONELY STREET
LIVE FAST
HIPPIES
USE
SIDE DOOR


Cadillac


LAVAZZA
4JXP304




FILM
SONGS
ELVIS
PHOTO-GALLERY
POLO





Ingang tot die Stormsriviermond seksie van die Tsitsikamma NP

Van die netjiese hout chalets by Stormsriviermond.



















Die Waterval Dag Staproete vorm ook die eerste deel van die Otter Staproete van 42 km oor vyf dae strek. Die roete loop al met die see langs tot by die waterval en terug tot by die kampplek. Jy stap soms deur die bos en soms oor rotse. Daar is heelwat hout bruggies aangebring om die stapper oor moeilike of gevaarlike dele te help.


























Hoe wonderlik kan dit wees ….. , met die see voor jou om oor uit te staar, selfs al is jy besig om kos te maak en dan daardie spesiale sonsondergang om die dag af te rond.



**Dag 13, Woensdag 7 Mei 2014, Stormsrivier Mond na Buffelsbaai** via Natures Valley, Plettenbergbaai en Knysna . (Afstand: 147 km)




Die restaurantkompleks.





Met die staproete langs na die hangbrug oor die Stormsrivier.























Die Bloukransbrug is ongeveer  216 m bo die Bloukransrivier en ‘n gewilde plek vir menigte adrenalien verslaafde om ‘n “fix” te kry deur van die brug af te spring met hul voete stewig vas in ‘n dik rektou. Definitief nie vir my nie.



Die Knysna “Heads”. Net jammer die dag was so betrokke en mistig










Die Knysna waterfront.



Ons span die aand uit by Buffelsbaai se Woonwapark , baie netjies en jy kry jou eie sleutel na die ablusie geriewe en die wonderlikste van alles was dat ons weer reg op die strand kon staan. Alle staanplekke het natuurlik ook kragpunte (220V), wat ons nie die aand beproef het nie. Daar is ook orals lamppale met net genoeg lig om in die kamp rond te kan beweeg.
(http://www.buffalobay.co.za/)



Die res van die woonwapark met die see na ons rug.

Hermien maak vir ons koffie. 'n Moet aan die einde van 'n dag se ry en kuier.





Die aand was ons slegs vier voertuie in die kamp, waarvan almal 4x4's was. Die voertuig nie op die fotos nie was 'n Nissan Patrol.

Ons buurman en sy vrou wat die hele Suid Amerika plat gery het met hul Land Cruiser.



**Dag 14, Donderdag 8 Mei 2014, Buffelsbaai na Swartvlei** via die Ou Sewe Passe pad (Phantom Pas Goukama Rivier Pas, Karatara Pas, Hoogekraal Pas, Duivelskop Pas, Silver Rivier Pas, Kaaimansgat Pas), George, Mosselbaai, Swartvlei en Sedgefield. (Afstand: 235 km)










Hoogekraalpas.














Die Kaaimansrivier brug.

In George besoek ons die Outeniqua Vervoer Museum.




Die hartseer is natuurlik dat die Outeniqua Choo Tjoe sedert 2006 na vloedskade aan die spoorlyn nie meer na Knysna ry nie. Daar is wel nog 'n Outeniqua Kragwa of Spoorbus wat stiptelik om 10h00 vanaf die museum vertrek na Oudtshoorn oor die Outeniqua berge en deur 'n paar tonnels ry en dan later weer so om 14h00 terug arriveer by die museum. Vir meer inligting besoek hierdie webblad : http://showme.co.za/george/tourism/the-outeniqua-powervan/



**(Foto geleen by bovermelde webblad.)**



Vroeër jare het haar op elke groot stasie een van hierdie besondere modelle van stoomlokomotiewe gestaan wat indien jy ‘n muntstuk sou ingooi die lokomotief se wiele en meganismes laat werk het. Vandag is ons stasies vuil en gevaarlik, so erg dat daar draaihekke nou op perronne is wat verhoed dat jy op die perronne kom as jy nie kaartjies het nie. Die museum het pragtig gerestoureerde passasiers en eetwaens op uitstalling. Werklik die moeite werd om te besoek.






‘n Voorbeeld van ‘n tipiese kaartjieskantoor op ‘n klein plattelandse stasie.

Hier is ook ‘n besondere versameling ou en nie so ou motors te sien.






En vir die wat oud genoeg is om die lekker vleispasteitjies met sous ("gravy") en aartappelskyfies wat jy by die groter stasies se restaurante kon koop kan onthou, gaan probeer die klein restaurant in die museum wat in 'n ou eetwa is, gerus. Dit was wonderlik saam met baie heimweë. Jammer vir die nostalgie.

Vir die wat op plase vêr van 'n stasie af gebly het was daar altyd nog die spoorwegbus waarmee jy kon ry.





Baie boere het ook lewende hawe per spoorwegpadvervoer dorp toe gestuur. Omdat die aantal passasiers nie altyd op baie van die roetes so volop was nie (geld was maar skaars) het die bus ook as vragmotor moes dien en siedaar die eerste dubbelkajuite, en jy het gedink Toyata se ou Hilux dubbelkajuit, in die sewentigs was die eerste.

Vir die jonges van hart ‘n tipiese Suid Afrikaanse modeltrein uitleg wat nog steeds werk as jy die nodige munte toevoer. (Jammer ek sal wel eendag groot word!)






Pragtige voorbeelde van ou stoom lokomotiewe is volop binne en buite die museum.





So sterk soos ‘n span olifante was die Garret lokomotiewe wat bestaan uit uit die agterste “bogie” met sy kolewa, die sentrale deel met die stoomketel en die stuurkajuit en dan die voorste “bogie” met sy waterkar. Met twee spulpunte tussen die drie dele kon die Garret lokomotiewe baie skerp draaie gemaklik hanteer terwyl hul baie swaar vragte teen bergpasse kon uitsleep. Die voorbeeld hierbo is’n Klas GO.

Onder is ‘n swaardiens hyskraan wat die spoorweë gebruik het om swaar lokomotiewe wat ontspoor het weer op die spore te kry sodat dit weggesleep kon word. Die kombinasie bestaan uit die stoom aangedrewe hyskraan en ‘n tweede wa waarop die mas lê wanneer die hyskraan rond gesleep word.





Nog ‘n voorbeeld van ‘n Garret lokomotief naamlik ‘n Klas GF.




THE MODEL SHIPYARD

HAND-CRAFTED SHIP MODELS

‘n Besoek aan Mosselbaai vir my sonder om vinnig by Sakkie Hough se “MODEL SHIPYARD” ‘n draai te maak is vir my ondenkbaar. Gaan kyk ‘n bietjie hoe skep hierdie span ‘n model met die ongelooflikste detail van enige skip, of dit ‘n seilskip uit vervloeë dae is of ‘n hedendaagse werkende skip, dit maak nie saak nie.  Jy kan hul webblad hier kry:

[http://www.stephens-kenau.com/custom_projects-content-view-3.html](http://www.stephens-kenau.com/custom_projects-content-view-3.html)












Op pad terug gaan ons by vriende Buks en Elmarie Brits op Mosselbaai aan vir ‘n kopie boeretroos. Buks is ‘n kranige mesmaker en maak die mooiste jag messe. Die pragtige mes wat hy hier vashou het Buks by hierdie geleentheid aan my geskenk. Wat ‘n pragtige mes, sit baie lekker in jou hand en ek hou baie van die detail maar tog is dit nog steeds prakties en nie oordoen nie.







Vanweë die reenerige weer en die swak toestand waarin die Swartvlei woonwa park was, het ons besluit om eerder slaapplek in Sedgefield te gaan soek. Ons het by die Montecello Motel baie netjiese en skoon kamers met hul eie badkamer en ketel vir koffie vir die nag gekry. Die pad was 'n bietjie raserig aanvanklik aangesien dit die hoofweg deur Sedgefield was maar later die aand het die verkeer opgehou.

Ons grootste verrassing was Montecello se restaurant. Die diens was puik, die kos uit die boonste rakke en daarom nogal gewild. Ons het lanklaas so lekker geeet teen 'n bekostigbare prys. Wys net dit kan gedoen word. As jy ooit in Sedgefield oornag, doen moeite om hier te kom eet jy sal nie terleurgesteld wees nie.





**Dag 15, Vrydag 9 Mei 2014, Sedgefield na Forever Resorts Gariep** via die N2, Knysna, Diepwalle, Prins Alfred pas, Avontuur, Uniondalepoort pas (R339), Uniondale en verder met die N9 oor Graaf-Reinet en die Gariepdam. (Afstand: 593 km)






Ons roete het ons die volgende oggend oor die Prins Alfred pas geneem. Die weer was nog steeds bewolk en die mis het sommige plekke laag gehang wat foto neem redelik moeilik gemaak het in 'n werklike pragtige stukkie natuurskoon.



Watervalle en small bruggies langs die pad op die Prins Alfred Pas roete wat by Avontuur eindig.









Die pad tussen Colesberg en Norvalspont  oppad na die Gariepdam.





Die Gariepdam se wal en seiljaghawe.









Die luukse woonwa staanplekke het elk sy eie braaier, kombuisie, badkamer en toilet. Hierdie eenheid op die foto bedien vier staanplekke.





Die oord strek nog verder in en het ook ander woonwa staanplekke waar kampeerders ablusie blokke deel. Daar is ook netjiese Chalets. Die oord was werklik goed versorg.

**Dag 16, Saterdag 10 Mei 2014, Forever Resorts Gariep tot by die huis (Pretoria)** via die N1.
(Afstand: 684 km)

Die laaste skof huis toe. Ons arriveer so teen twee uur die middag, dankbaar vir al die mooi en wonderlike dinge wat ons kon beleef het, maar ook hartseer om dat dit die einde van ons Oos-Kaap se toer was.

